

HOOFSTUK 4: LITERATUURKONTROLE

4.1. INLEIDING

Tydens die terapeutiese intervensie met die gevallestudies en die ongestruktureerde onderhoude met kinders en ouers het die navorser inligting en ervaring ingewin vir die hantering van die kind wat verlies ervaar. Daar is telkens spesifiek gekyk na die kind se geestelike belewing, en die kinders se geestelike behoefte is op pastorale wyse binne die Gestaltspelterapeutiese proses hanteer. Vanuit hierdie ondersoek het ooreenkomste sowel as teenstrydighede met die literatuurstudie vir hierdie navorsing na vore gekom. In hierdie hoofstuk word die relevante aspekte wat in die verband aan die lig gekom het, aangedui en bespreek. Vir die doel van die literatuurkontrole word daar spesifiek terugverwys na aspekte in die literatuur soos in hoofstuk twee uiteengesit. Addisionele literatuur waarna nie voorheen verwys is nie, word ook in hierdie hoofstuk bygetrek.

4.2. DIE KIND SE ERVARING VAN VERLIES

Die navorser stem saam dat die mens inderdaad nie toegerus is om verlies effektief te hanteer nie, soos deur Van Niekerk (2002:51) aangevoer. Die navorser is van mening dat kinders se rouproses belemmer word deurdat volwassenes nie aan kinders genoegsaam ruimte gee om die verlies te verwerk nie. Die Westerse treurmodel soos deur Van Niekerk (2002:51-55) uiteengesit, kom duidelik na vore deurdat ouers en ander volwassenes eerder die intensiteit van die pyn van die verlies probeer ontken as om dit te hanteer. Die navorser het dié ervaring gehad met die identifisering van gevallestudies vir hierdie navorsing. Verskeie ouers en ander versorgers van kinders wat verlies ervaar het met die afsterwe van 'n geliefde het dit nie nodig geag dat die kind terapeuties ondersteun word nie. Die redes wat aangevoer is, was dikwels dat die kind "goed lyk" en geen sterk emosies toon nie of dat die ouer of die kind self te kenne gee dat die kind nie oor die afsterwe van die geliefde wil praat nie.

Een van die redes hiervoor is, volgens die navorser, dat volwassenes nie weet hoe om die emosies wat by die kind wat treur na vore kom te herken en te hanteer nie. 'n Ander

rede is dat ouers self nie hulle emosies rondom die afsterwe van die geliefde hanteer het nie en daarom nie die vrymoedigheid het om met die kind oor emosies na die afsterwe van die geliefde te praat nie. Die navorser het verskeie bevindinge rondom die gebrekkige treurmodel van die moderne mens gemaak en stem saam met Schoeman (2001:123) wat aanvoer dat die moderne mens van die ervaring van die dood vervreem geraak het.

Vervolgens sal die navorser haar bevindinge vanuit die praktyk met die Westerse treurmodel vergelyk soos wat Van Niekerk (2002:51-56) dit weergee. Die navorser het bevind dat die Bybelse model soos deur Van Niekerk (2002:56-65) uiteengesit, 'n goeie basis vorm vir die implementering van die Gestaltspelterapeutiese werkwyse in die pastorale hantering van die kind wat verlies ervaar.

4.2.1. Die gebrekkige Westerse treurmodel teenoor die Bybelse treurmodel binne Gestaltspelterapie

Die navorser het in die praktyk met die ongestruktureerde onderhoude (kind 4 en 17 in die tabel) voorbeelde gesien van kinders wat ouers se treurmodelle navolg. In gevallestudie A kon daar ook gesien word dat kinders grootliks deur die ouer se wyse van treur beïnvloed word. In gevallestudie A het die kind haar eie emosies onderdruk in 'n poging om nie verdere hartseer vir haar ma te veroorsaak nie.

4.2.1.1. Onderdrukking van ware gevoelens

Die onderdrukking van ware emosies is 'n kenmerk van die Westerse treurmodel en veroorsaak dat die kind nie die ware emosies wat met die verlies van 'n geliefde gepaard gaan, sinvol verwerk nie (Van Niekerk, 2002:51). Die navorser kon verskeie Gestaltspelterapeutiese tegnieke aanwend tydens die terapeutiese intervensie met gevallestudie A om haar te help om tot bewustheid te kom van die emosies wat sy in die teenswoordige tyd ervaar. Eers nadat die emosies in die hier-en-nou ervaar en erken is, kon die emosies hanteer word. Daar moet gelet word op die feit dat gevallestudie A wel haar emosie van hartseer as gevolg van haar pa se dood kon noem en erken dat sy hartseer voel, maar dat sy haarself weerhou het om daaraan uiting te gee.

Die navorser het met verloop van verskeie sessies gevallestudie A bewus gemaak van die ervaring van verskillende emosies. Tydens die tweede sessie het die navorser die kind verskillende emosies laat opnoem wat sy al by mense opgemerk het. 'n Voorstelling van die gesigsuitdrukking wat mense toon wanneer hulle 'n bepaalde emosie ervaar, is deur gevallestudie A op ballonne geteken. Daar is ook oor die tipiese optrede van mense gepraat wanneer hulle 'n emosie ervaar, byvoorbeeld dat hulle huil wanneer hulle hartseer is. Die identifisering van die emosies was nie op die kind se eie belewing gerig nie, maar slegs om die kind oor emosies te laat dink en die teenwoordigheid daarvan op ander mense te projekteer. Hierna het die navorser die kind gevra of sy enige van die genoemde emosies ervaar. Sy het dadelik gesê dat sy hartseer voel omdat haar pa dood is.

In die daaropvolgende sessie het die navorser gevallestudie A 'n projeksie met klei laat doen. Sy het haarself as 'n blom voorgestel wat reeds 'n jaar lank dood is. Haar pa was ook op daardie stadium ook 'n jaar oorlede. Sy het gesê dat sy die blom is en dat sy hartseer is omdat haar pa dood is. Haar hartseer was so intens dat sy gevoel het dat sy, soos die blom, al 'n jaar lank dood is. Hierdie sessie was gelaai met emosie en die navorser kon verder deur dialoog met die kind praat oor haar ervaring van verlies. Deur van haar pa te vertel en wat sy van hom mis, kon gevallestudie A uiting gee aan haar emosies. Die volgende week het sy weer tydens 'n projeksie met die sandbak haarself en haar ma en boetie met perde voorgestel. Die perde was hartseer en kwaad oor 'n geliefde wat doodgemaak is. Die navorser het gevallestudie A weer die geleentheid gegee om aan haar emosie van hartseer uiting te gee. Sy het egter nie verder oor die gevoel van kwaad gepraat nie. Die navorser het vermoed dat gevallestudie A mag kwaad wees vir God omdat Hy haar pa weggeneem het. Dit was egter nie vir haar moontlik om haar gevoelens te verbaliseer nie.

In 'n latere sessie het die navorser weer vermoed dat gevallestudie A moontlik aggressie teenoor God ervaar oor haar pa se dood. Sy het dit egter nie verwoord nie, maar haar liggaamshouding was gespanne en sy het positief reageer toe die navorser haar vra of sy al gewonder het waarom God haar pa laat doodgaan het. Tydens laasgenoemde

sessie het die navorser die monstertegniek benut om gevallestudie A tot bewustheid van haar vrese te bring. Hieruit het die navorser 'n vrees en moontlike aggressie teenoor God waargeneem weens sy handeling in haar lewe met die afsterwe van haar pa.

Dit was vir die navorser nie nodig om op 'n pastorale vlak met die onderdrukking van emosies te werk nie, aangesien dit hier slegs van belang was dat die kind bewus word van emosies wat ervaar word sodat dit verder hanteer kan word.

Met gevallestudies B en C het die navorser ook van 'n projeksie met kleispel gebruik gemaak om hulle tot bewustheid van hulle emosies te bring. Hulle het graag prente geteken. Die navorser het ervaar dat gevallestudies B en C die emosie van hartseer noem oor hulle ma se dood, maar dit dan telkens weer onderdruk deur na hulle nuwe ma te verwys. Die kinders het hulle verlies vervang en gevolglik dit nie nodig gevind om hulle emosies oor die afsterwe van hulle ma verder te hanteer nie.

4.2.1.2. Vervang verliese so gou moontlik

Die navorser het gevind dat kinders wel 'n behoefte het om die verlies van 'n geliefde persoon, soos 'n ouer, te vervang. Hierdie behoefte wat kinders het om die persoon wat hulle verloor het te vervang is verstaanbaar in die lig van die kind se ontwikkelingsfase en dat die kind wel in die laerskool 'n behoefte aan byvoorbeeld 'n mafiguur het. Die navorser het hierdie sterk behoefte aan die vervanging van die mafiguur by gevallestudies B en C ervaar. Tydens verskeie projeksies met klei en tekenwerk het die kinders hulle emosies oor hulle ma wat gesterf het as hartseer geïdentifiseer, maar dan daarop gewys dat hulle nou 'n nuwe ma het en daarom gelukkig is.

Binne die Gestaltspelterapie word die herkonstruksie van byvoorbeeld die mafiguur van die kind beklemtoon. Dit is die daarstelling van 'n persoon met wie die kind kan bind na die afsterwe van 'n geliefde om 'n soortgelyke sinvolle verhouding as dié met die persoon wat afgesterf het te ervaar. Die navorser is egter van mening dat die kind eers deur die verlies van die persoon wat gesterf het gehelp moet word deur die hantering van emosies wat ervaar word. Daarna sal die kind eers werklik gereed wees om die nuwe mafiguur in sy lewe te integreer.

Op pastorale vlak moet daar ook in ag geneem word wat die kind se geloof is ten opsigte van waar die persoon wat gesterf het hom bevind. Die navorser het bevind dat kinders vanuit die Christelike geloof glo dat hulle geliefdes in die hemel is en dat hulle eendag hulle weer sal sien. Dit, het die navorser gevind, het 'n bepaalde invloed op die jonger kind deurdat dit hulle in 'n tweestryd plaas met hulle lojaliteit teenoor die persoon wat gesterf het en dié teenoor die persoon wat die plek van die gestorwene inneem.

In gevallestudie C het die navorser juis laasgenoemde gevind. Gevallestudie C het haar ma in 'n foto raam voorgestel in 'n prent wat sy geteken het. Sy het aangedui dat dit haar ma in die hemel is. Op dieselfde prent het sy 'n voorstelling gemaak van haar pa en sy verloofde. Die navorser het haar voorstelling verduidelik deur daarop te wys dat haar pa en sy verloofde na haar omsien en dat haar ma vanuit die hemel vir haar kyk. Gevallestudie C het met die aanhoor hiervan skielik gesê dat haar pa en sy verloofde ook dood is en dat hulle saam met haar ma in die hemel is. Sy kon nie 'n verduideliking gee waarom sy dit so wou hê nie. Die terapeut maak die afleiding dat gevallestudie C ervaar dat sy deur haar pa en sy verloofde ook as dood voor te stel hulle aan haar ma gelykstel en sodoende haar lojaliteit teenoor haar ma handhaaf.

Die navorser het met gevallestudie B ervaar dat sy graag sou wou glo dat haar oorlede ma nog haar primêre versorger is. Die navorser het aan haar gevra wie vir haar sorg. Sy het gesê dat God vir haar sorg. Die navorser het haar antwoord erken, maar haar gevra wie God hier op aarde gebruik om haar te help. Haar antwoord was dat haar ma vir haar sorg. Die navorser wys gevallestudie B toe daarop dat haar ma in die hemel is, waarop sy te kenne gee dat haar ma vanuit die hemel na haar kyk en dat haar nuwe ma vir haar sorg.

Die navorser is van mening dat dit belangrik is dat die kind gewys word op die uniekheid van die persoon wat gesterf het. Dit is in lyn met die Bybelse model waarvolgens elke persoon 'n unieke gawe van God is (Van Niekerk, 2002:58). Die navorser het dit met gevallestudie C gedoen deur haar te vra wat spesiaal van haar ma was. Sy onthou haar ma se liefde. Die navorser het gevallestudie C deur dialoog geleentheid gegun om haar

ma en dit wat vir haar spesiaal was van haar ma te onthou. Bewustheid is daardeur by haar geskep van die uniekheid van haar ma, sonder om haar ma met die nuwe persoon in haar lewe te vergelyk. Die navorser het gevallestudie C gevra wat haar pa se verloofde spesiaal maak. Gevallestudie C verwys na haar pa se verloofde as haar nuwe ma en sy het vertel dat haar nuwe ma haar bad, vir haar kosmaak en op uitstappies neem. Haar nuwe ma neem vir haar die plek van 'n versorger in. Die navorser het op soortgelyke wyse met gevallestudie B die uniekheid van haar oorlede ma teenoor haar nuwe ma hanteer.

4.2.1.3. Hanteer emosie alleen

Die navorser het bevind dat kinders meestal gedwing word om hulle emosies rondom die dood van 'n geliefde alleen te hanteer, aangesien die ouers of ander volwassenes nie werklik met die kinders praat en uitvind hoe die kind voel nie. Dit was die geval met gevallestudies B en C. Hulle is nooit vir enige terapeutiese ondersteuning geneem na hulle ma se dood nie. Dit was reeds vanaf die eerste sessie vir die navorser opvallend hoe hulle ma se dood op hulle voorgrond was. Die navorser het ervaar dat hulle 'n groot behoefte daaraan gehad het om oor hulle verlies te praat, al was hulle ma's reeds drie jaar tevore oorlede. In 'n ander geval het die navorser kontak gehad met die grootouers van 'n seun (kind 8 in die tabel) wat sy ma slegs enkele maande gelede aan die dood afgestaan het. Die grootouers het te kenne gegee dat die seun sy ma se dood verwerk het en nie enige terapie nodig het nie. Vriende van die seun het egter gesê dat sy gedrag na sy ma se dood verander het deurdat hy hom van sy maats onttrek het en nie gesonde verhoudings met sy portuurgroep gehandhaaf het nie. Die navorser het ervaar dat die grootouers óf onkundig is om simptome van verlies by die seun te identifiseer óf onder die indruk is dat die seun nodig het om sy emosies alleen te hanteer.

In 'n ander opsig was ouers wat wel hulle kinders vir terapie geneem het, van mening dat die kinders wel met iemand oor hulle emosies praat en dat hulle as ouers daarom nie nodig het om met die kind daaroor te praat nie. Die navorser het in 'n onderhoud met 'n vrou wie se man 'n aantal jare gelede oorlede is, gevra wat haar dogter (kind 4 in die tabel) se vrae en kwellinge was ten opsigte van die verlies van haar pa. Sy het geantwoord dat sy nie weet nie, aangesien haar dogter na 'n berader gegaan het met

wie sy alles rondom haar pa se dood bespreek het. Die navorser het in hierdie geval asook in gevallestudie A ervaar dat die ma's na die dood van hulle eggenote emosioneel self so ontwrig was, dat hulle nie aan hulle eie kinders die nodige emosionele ondersteuning kon gee nie. Met gevallestudie A was dit inderdaad van so 'n aard dat die kind haarself van haar ma onttrek het en geen emosie met haar ma gedeel het nie, omdat haar ma emosioneel onstabiel was. Die navorser is van mening dat hierdie tendens wat sy in die praktyk waargeneem het ook in die literatuur ter sprake kom wanneer Grobler (2000:3) pleit dat die kind tesame met die terapeutiese begeleiding ook vanuit die gemeenskap die nodige ondersteuning sal kry na die afsterwe van 'n geliefde. Die navorser is van mening dat die term "gemeenskap" ook die ouerhuis van die kind wat verlies ervaar insluit.

Die pastorale beginsel wat deur Van Niekerk (2002:61) gegee word, geld hier, naamlik dat deur te gee, ontvang 'n mens en deur te troos, word jy self getroos. Die navorser het ervaar dat kinders wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, vertroosting ervaar het wanneer hulle die geleentheid gekry het om ander kinders wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het te troos. Die navorser het tydens 'n groep vir kinders wat 'n sib aan die dood afgestaan het hierdie tendens goed waargeneem. Een dogter van twaalf (kind 2 in die tabel) was tydens die groep emosioneel en kon nie met gemak aan die besprekings deelneem nie. 'n Ander groeplid het vanweë die groepbespreking baie emosioneel geword en hartverskeurend begin huil. Die groeplede was almal stil en geraak deur die groeplid se emosie. Die dogter wat nie aan die besprekings deelgeneem het nie, het toe na vore gekom en die dogter wat gehuil het begin troos. Die empatie wat gedeel is, was merkbaar. Na hierdie insident het die dogter begin deelneem aan die groepbesprekings en het sy 'n waardevolle bydrae tot die groep gelewer. Sy het tydens die verloop van die groep die rol van vertrooster ingeneem en was daardeur self ook getroos. Die navorser het gevind dat dit vir die kind die rol van selfbemagtiging vervul. Die kind ervaar binne sy eie hartseer dat hy vir iemand anders iets kan beteken.

4.2.1.4. Tyd genees alle pyn

Uit die navorser se praktiese ervaring het dit na vore gekom dat kinders wel ervaar dat die intense pyn oor tyd vervaag. 'n Seun van dertien (kind 1 in tabel) waarmee die navorser 'n ongestruktureerde onderhoud gehad het, het op die navorser se vraag wat hom gehelp het om sy ma se dood vier jaar gelede te verwerk, te kenne gegee dat die intense pyn wat hy na sy ma se dood ervaar het, met verloop van tyd minder geword het. Dit is egter onbillik om van 'n kind te verwag om hierdie "trooswoorde" van die Westerse treurmodel te aanvaar wanneer hy wel die intense pyn ervaar. Binne die Gestaltspelterapeutiese benadering word daar in die hier-en-nou gewerk. Emosies wat in die teenswoordige tyd ervaar word, moet hanteer word en daarom kan die kind daarom nie net getroos word deur te sê die pyn sal beter word nie.

Die navorser het die pastorale perspektief wat Van Niekerk (2002:62) in die literatuur noem, by hierdie punt toegepas. Van Niekerk (2002:62) voer aan dat die Heilige Gees se inwerking volkome heling van wonde bring en nie bloot die vervaging van pyn wat met tyd kom nie. Die navorser het gevind dat daar geleenthede is waar kinders se pyn tydens die terapeutiese sessie baie intens ervaar word. Tydens hierdie momente waar die kind intense pyn beleef, het die navorser die vrymoedigheid geneem om die kinders te vra of sy vir hulle kan bid.

Die navorser het reeds 'n goeie verhouding met die kinders opgebou en was verseker dat hulle 'n geloofsverhouding met God het. Die gebed word gedoen in 'n gees van Christelike liefde, ondersteuning en empatie met die kind se pyn. Die navorser het ervaar dat die gebed 'n besliste rustigheid by die kind teweeggebring het en die kind sodanig ondersteun het dat die kind weer met die terapeutiese sessie kon voortgaan. 'n Voorbeeld hiervan is gevallestudie A. Gevallestudie A het tydens 'n sessie stil geraak en haar liggaamstaal het getoon dat sy intense emosie ervaar. Die navorser het gevallestudie A hierop gewys as 'n erkenning van haar emosie en haar gevra of die navorser vir haar kan bid. Sy het ingestem en die navorser het 'n gebed gedoen waar sy gevallestudie A se pyn, vrese en onsekerheid wat die verlies van haar pa meegebring het voor God kon bring. Deur saam te bid, kon gevallestudie A God as 'n werklike

teenwoordigheid in die terapiesessie ervaar. Die navorser het waargeneem dat gevallestudie A na die gebed meer ontspanne was.

4.2.1.5. Leer om met skuldgevoelens saam te leef

Die navorser het gevind dat die kind wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, dikwels skuldgevoelens ervaar oor handeling wat hulle gedoen of nagelaat het voordat die geliefde gesterf het. Die kind wat in 'n ander persoon weer die liefde van byvoorbeeld 'n ma ervaar, kan ook hieroor skuldig voel. Die skuldgevoelens presenteer as onvoltooidhede, soos Joyce en Sills (2001:131) tereg opmerk. Tydens die groep (kind 2 in die tabel) met kinders wat 'n sib aan die dood afgestaan het, het die navorser waargeneem dat kinders skuldgevoelens ervaar oor iets wat hulle gedoen of nagelaat het voor die sib gesterf het. Met die een dogter was dit die geval dat sy haar broer die nag voor hy dood is nie nag gesê het nie, aangesien sy voor die televisie aan die slaap geraak het. Hierdie skuldgevoel het by haar 'n bepaalde onvoltooidheid ten opsigte van haar broer se dood laat ontstaan, al is haar broer drie jaar tevore reeds oorlede. Skuldgevoelens was in 'n mate sigbaar by gevallestudie B deurdat sy skuldig gevoel het wanneer sy vertel het hoe goed haar nuwe ma vir haar is. Sy het dan telkens eers weer na haar oorlede ma verwys.

Gestaltspelterapeutiese tegnieke is deur die navorser aangewend om die kinders van hulle emosies bewus te maak. Dikwels kon die kinders bewus word en erken wat hulle ervaar. Hulle het dit egter nog steeds moeilik gevind om hulleself te vergewe en die skuldgevoelens af te lê. In bogenoemde geval met die dogter wat skuldgevoelens ervaar het omdat sy haar broer nie nag gesê het die aand voor hy dood is nie, het die navorser onvoltooid sinne benut om haar tot bewustheid te bring dat sy nie nodig het om daarvoor skuldig te voel nie. Die navorser het aan haar gevra wat sy vir haar broer sal sê indien sy nou vir hom iets kon sê. Sy het gesê dat sy vir hom lief is en jammer is dat sy nie nag gesê het nie. Sy moes daarna antwoord wat sy dink haar broer vir haar sou sê. Sy het gesê dat haar broer sou sê dat hy weet dat sy hom altyd mooi nag gesê het en dat sy net daardie aand per ongeluk aan die slaap geraak het voordat sy kon nag sê. Die navorser kon die dogter ook geleentheid gee om haarself te vergewe dat sy nie nag gesê het nie.

Die pastorale perspektief was hier van waarde deurdat die navorser die kind kon begelei om haarself voor God te vergewe. Hierdie is slegs as 'n simboliese handeling gedoen soos wat Van Niekerk (2002:62) voorstel. Vergifnis word dan deur die geloof aanvaar. Die navorser het hier besef dat die begrip van vergifnis deur Jesus Christus reeds 'n bekende konsep vir die Christenkind was en daarom kon sy soos Christus haar vergewe het ook haarself vergewe.

Daar moet gelet word daarop dat kinders wat na die dood van 'n geliefde skuldgevoelens ervaar, dikwels nie werklik rede het om skuldig te voel nie, soos in die geval van die dogter hierbo. Hulle ervaar egter die skuldgevoelens volgens hulle persepsie as geldig en daarom moet dit binne die terapeutiese opset as sodanig hanteer word.

4.2.1.6. Verskansing teen naby-verhoudings

Die navorser het gevind dat die jonger laerskoolkind, dit wil sê die ses tot agtjarige kind, hunker na naby-verhoudings en hulleself nie daarteen verskans nie. Dit kan duidelik waargeneem word in gevallestudies B en C waar hulle hulle pa se verloofde onvoorwaardelik as hulle ma aanvaar. Die navorser het waargeneem dat jong seuns wat hulle pa verloor, uitreik na mans wat die vaderfiguur voorstel. 'n Jong seun (kind 12 in die tabel) met wie die navorser terapie gedoen het, het vir sy ma gesê dat hy nie van haar 'n drukkie wil hê nie, maar van sy pa wat dood is. Die navorser het voorgestel dat die ma mans in hulle Bybelstudiegroep sal vra om met die seun te speel en fisieke kontak te hê, asook mansonderwysers by die skool, aangesien die seun geen ander mansfigure in sy lewe het nie. Die seun het positief gereageer op die kontak met mans wat hy as plaasvervanging vir sy vaderfiguur kon ervaar.

4.2.2. Die kind se liefdestaal

Die navorser het tydens die gevallestudies met kinders wat geliefdes aan die dood afgestaan het daarvan bewus geword dat kinders nie die onvoorwaardelike liefde van volwassenes ervaar nie en gevolglik ook nie dat hulle oor die afsterwe van die geliefde getroos word nie. Dit was die kind se ervaring, terwyl die kind se ouers of grootouers

dikwels getuig het dat hulle moeite doen om die kind se behoefte aan liefde en ondersteuning te ontmoet. Die navorser het daarvan bewus geword dat die kind nie die wyse waarop die volwassenes liefde en ondersteuning kommunikeer, so verstaan nie. Dit was veral met gevallestudie B die geval. Sy toon 'n groot behoefte aan liefde en aanvaarding. Haar pa en onderwyseresse getuig dat hulle moeite doen om aan haar te kommunikeer dat hulle lief is vir haar en van haar hou. Tog toon gevallestudie B dat sy verwerping ervaar ook wanneer haar pa vir haar sussie iets moois sê en nie dadelik ook vir haar nie, of as die maatjie langs haar in die klas geprys word vir goeie werk en die onderwyseres nie dadelik ook haar werk beloon nie. Sy raak ongelukkig oor hierdie insidente en huil en sê dat hulle nie lief is vir haar nie.

Die skrywers Chapman en Campbell (1997:20) het vir die navorser lig hierop gewerp waar hulle verduidelik dat elke kind 'n bepaalde liefdestaal het waardeur hy liefde kommunikeer en aanvaar. Die skrywers het vyf liefdestale onderskei, naamlik gehaltetyd, woorde van versekering, geskenke, dade van diens en fisieke aanraking. Wanneer volwassenes die liefdestaal van 'n kind identifiseer en dit benut, sal die kind liefde en ondersteuning ervaar.

Die navorser het hierdie konsep in die praktyk getoets en die waarde daarvan besef. Een dogter (kind 13 in die tabel) het byvoorbeeld gekla dat haar ouers haar nie troos na die afsterwe van haar boetie nie. Die navorser het aan haar gevra hoe sy graag sal wil hê dat hulle haar moet troos. Haar antwoord was dat hulle vir haar geskenkies moet gee. Die navorser het die dogter gevra hoe sy haar ouers sal troos as hulle hartseer is. Sy het vir hulle elkeen 'n mooi prent gemaak en dit vir hulle as 'n geskenkie gegee en gesê dat wanneer hulle hartseer is, hulle net na die prentjie moes kyk. Hierdie dogter se liefdestaal is geskenke. Dit behels nie groot en duur geskenke nie, maar is eerder simbolies van aard. Die navorser het dit met die dogter se ma gedeel en die dogter het positief op die ontvang van geskenke gereageer deur dit as liefde en ondersteuning te ervaar.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die wyse waarop liefde en aanvaarding aan 'n kind gekommunikeer word belangrik is. Die kind se bepaalde liefdestaal moet in ag geneem word as daar effektief aan die kind liefde gekommunikeer word. Hierdie wyse waarop 'n kind liefde ervaar, hou noue verband met sy ervaring van troos na die afsterwe van 'n geliefde.

4.2.3. Onvoldoende voorbereiding op die ervaring van verlies

Obsatz (1999:34) wys daarop dat kinders geleer moet word dat alle vorme van verlies en rou 'n normale proses van die lewe is en dat verlies as sodanig in ons lewe geïntegreer moet word om dit sinvol te verwerk. Die navorser het bevind dat die onmiddellike impak van die dood van 'n geliefde makliker aanvaar word indien die kind voorberei is op die afsterwe van die geliefde of indien die kind reeds ervaar het dat verlies 'n normale deel van die lewe is. 'n Seun van twaalf jaar (kind 16 in tabel) wat sy pa na 'n lang siekbed verloor het, was daarop voorberei deurdat die pa en die ander gesinslede vooraf met hom oor sy pa se moontlike dood gepraat het. Die seun verwerk tans sy pa se dood goed.

Dit is uit die aard van die saak nie altyd moontlik om 'n kind op die verlies van 'n spesifieke geliefde voor te berei nie, aangesien die dood meestal nie geantisipeer kan word nie soos wat dit wel die geval kan wees met 'n persoon wat aan 'n terminale siekte ly of met 'n hoogbejaarde persoon. Die navorser het egter bevind dat ouers selde met kinders oor die moontlikheid van die dood praat. Tydens die duur van hierdie navorsing het die navorser dikwels met ouers wie se kinders nog nie die verlies van 'n geliefde deur die dood ervaar het nie, in gesprek getree oor die voorbereiding van kinders om verliese beter te kan hanteer. Ouers het te kenne gegee dat hulle nie graag met hulle kinders oor die onderwerp van die dood praat nie. Die navorser het ouers daarop gewys dat verliese soos dié van 'n maatjie wat verhuis, ook benut kan word om kinders van die ervaring van verliese bewus te maak.

Hindmarch (2000:185) wys daarop dat skole programme behoort te implementeer om met kinders oor die onderwerp van die dood te praat. Die navorser is van mening dat die voorbereiding van kinders op die dood van 'n geliefde, kinders tot 'n bewustheid sal

bring van die realiteit van die dood: "Die dood is wel iets wat gebeur en hoe voel ek daaroor?" Wanneer die kind die moontlikheid van die dood in ag neem, sal hy dit minder as 'n skok ervaar wanneer dit plaasvind. Die navorser beweer nie dat die kind se pyn deur die voorbereiding op die ervaring van 'n geliefde se dood minder intens sal wees nie, maar dat die aanvaarding daarvan makliker kan wees.

Vanuit die pastorale perspektief kan gelowige ouers aan hulle kinders uit die Woord die realiteit van die dood verduidelik. Die navorser verwys na Prediker 3 wat daarop wys dat elke ding in hierdie wêreld 'n vaste tyd het; daar is 'n tyd om gebore te word en ook 'n tyd om te sterwe.

Die dood is volgens die navorser iets wat elke mens te wagte moet wees. Om hierdie rede moet ouers hulle kinders sinvol op die dood voorberei deur met hulle kinders oor die dood te praat. Van Rensburg (2005:17) vertel 'n storie waar hy aan kinders verduidelik dat die dood 'n rede het. Hy deel met die leser die eenvoudige, dog wyse antwoord wat sy oom vir hom as kind gegee het toe sy lieflings hond dood is. Sy oom het vir hom gesê: "Niks gaan dood sonder 'n rede nie. As iets of iemand doodgaan, is dit omdat hy te siek geword het om gesond te word, of te seer gekry het om gesond te word of net te oud geword het om gesond te word. 'Die Here gee en die Here neem. (Job 1.21)' " Hierdie verduideliking van die dood mag dalk simplisties voorkom, maar die navorser het ervaar dat veral die jonger laerskoolkind die konkrete verduidelikings oor die dood geredelik aanvaar.

4.2.4. Die impak van sekondêre verliese

Die navorser het gevind dat verskeie sekondêre verliese na die dood van 'n geliefde deur die kind ervaar word en dat hierdie verliese dikwels die aanpassing van die kind na die dood van die geliefde bemoeilik. Die navorser stem saam met Hindmarch (2000:137) wanneer hy daarop wys dat die verlies aan sekuriteit, vertroue en normaliteit na die dood van 'n geliefde dikwels vir die kind meer verreikende implikasies het as die onmiddellike ervaring van die verlies van die persoon se fisieke teenwoordigheid. Gevallestudie A het groot sekondêre verliese ervaar deurdat die gesin na haar pa se dood finansieel swaargekry het. Dit is ook die geval met die seun (kind 7 in die tabel)

wie se pa selfmoord gepleeg het. Hy het die verlies van 'n huisgesin ervaar deurdat sy ma nie meer in staat was om hom te versorg nie en hy in die sorg van sy ouma geplaas is.

Die navorser het deur Gestaltspelterapeutiese tegnieke die kinders begelei om alternatiewe te vind vir die sekondêre verliese wat hulle ervaar het. Sy het gevind dat die benutting van polariteite veral goeie bewustheid by kinders skep. Kinders is toegelaat om bewus te raak van die sekondêre verliese wat hulle na die dood van die geliefde ervaar het en dan in die teenpool van die verlies 'n alternatief vir die verlies te vind. Gevallestudie A is 'n goeie voorbeeld van die benutting van polariteite vir die aanvaarding van sekondêre verliese. In die loop van die terapeutiese sessies het gevallestudie A in haar projeksies duidelik getoon dat sy uit die hartseer van die verliese wat sy ervaar positiewe veranderinge beleef. Sy het tydens een sessie 'n huis geteken waarvan die mense uitgetrek het. Die huis was hartseer, omdat niemand daarin gebly het nie. Die huis was egter ook opgewonde, want hy het geweet dat daar binnekort weer 'n gesin sou intrek. So het gevallestudie A ook wolke geteken waaragter die son besig was om uit te kom. Sy het gesê dat die wolke nou klaar gereën het en dat die son nou weer gaan skyn. Die navorser het met gevallestudie A gepraat oor veranderinge in haar lewe wat na haar pa se dood aanvanklik sleg was, maar nou weer beter word. Sy het genoem dat haar ma weer vir hulle roomys kan koop, terwyl hulle na haar pa se dood nie roomys kon bekostig nie.

Vanuit die pastorale perspektief het die navorser ook die Gestaltspelterapeutiese tegniek van polariteite benut. Die vraag is gevra waarom God toelaat dat die kind wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het soveel pyn en verlies (ook sekondêre verliese) moet ervaar. Die terapeut het die kind deur middel van dialoog en eksperimentering tot bewustheid gebring dat God 'n plan met alles het wat Hy met die mens laat gebeur. 'n Voorbeeld van eksperimentering deur 'n demonstrasie wat die navorser aangewend het, was om die kinders met spaghettistokkies en malvalekkers 'n huis te laat bou. Die kinders sukkel om die huis te laat staan. Hulle moet die stuktuur dan met nog spaghettistokkies of ander kreatiewe planne versterk. Die navorser voer dan 'n gesprek

met die kinders oor hulle ervaring met die bou van die spaghetti-en-malvalekkerhuis. Die kinders kom telkens tot die slotsom dat dit moeilik was, maar nadat hulle die huis versterk het, hulle tog die huis laat staan het. Die navorser het die kinders tot bewustheid gebring dat hulle swaarkry na die verlies van hulle geliefde dieselfde is. Slegte of moeilike ervarings soos wat die verlies van 'n geliefde deur die dood meebring, maak 'n mens sterker.

Die navorser het 'n seun (kind 1 in die tabel) wat sy ma vier jaar tevore aan die dood afgestaan het, die sekondêre verliese laat opnoem wat vir hom swaar is. Die navorser het die kind gevra wat hy ervaar het deur elke sekondêre verlies wat hy beleef het. Daardeur het die kind van sy emosies bewus geraak. Dikwels was dit so dat die kind deur die negatiewe ervarings van die verliese, positiewe ervarings kon ontgin deurdat hy byvoorbeeld tot groter persoonlike selfstandigheid gegroei het of 'n groter sensitiwiteit vir ander se pyn ontwikkel het. Die navorser het hierdie seun van dertien jaar deur middel van dialoog tot bewustheid gebring dat hy ten spyte van die verliese wat hy ervaar het, selfstandig is en begrip teenoor ander se pyn openbaar. Hierdie bewuswording by die kind het tot selfbemagtiging gelei deurdat die kind kon erken dat hy as gevolg van die verlies wat hy ervaar het lewensvaardighede ontwikkel het wat sy portuurgroep nie noodwendig het nie.

Die navorser kon waarneem dat die seun ten spyte van sy verlies 'n positiewe gevoel van eiewaarde ervaar. Hierdie insigte rondom God se toelatende wil het ook daartoe gelei dat die seun weer vrede met God se doel met die afsterwe van sy geliefde kon ervaar.

4.3. DIE KIND SE ROUPROSES

Die navorser het gevind dat dit dikwels moeilik is om by die kind wat verlies ervaar weens die afsterwe van 'n geliefde verskillende roufases duidelik te identifiseer soos dit in die literatuur onder andere deur Grobler (2002:27) onderskei word. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die navorser oor 'n tydperk van twee maande met die gevallestudies gewerk het, wat 'n té kort periode is om die verskillende roufases waar te neem.

4.3.1. Rouproses versus roufases

Die navorser het in die praktyk beter aanklank gevind by die standpunt van Schoeman (2001:123) wat die kind se rouproses in slegs drie maklik onderskeibare fases verdeel as om na die verskillende kliniese roufases te verwys. Die eerste fase van die rouproses behels 'n poging tot herwinning van die verlies deur huil en/of aggressie wat na vore kom. Daarop volg die disorganisasiefase wat in depressiewe emosies manifesteer, en derdens die reorganisasiefase wat 'n nuwe gerigtheid toon. In die rouproses is daar tipiese reaksies teenwoordig wat gevoelsreaksies, gevoelsverdediging, gevoelsprosesse en die godsdienstige of geestelike belewenis van die kind in die rouproses insluit (Schoeman, 2001:126). Hierdie beskouing van die kind se rouproses is vir die navorser in die praktyk integreerbaar en was veral in gevallestudie A duidelik waarneembaar. Gevallestudie A het kort na haar pa se dood gehuil tydens die herwinningsfase, waarna sy in die disorganisasiefase inbeweeg het. In hierdie fase het sy depressiewe emosies getoon deurdat sy haar emosies alleen hanteer het en dit nie met haar ma gedeel het nie. Tydens die terapeutiese intervensie toon gevallestudie A duidelik dat sy in die reorganisasie fase is deurdat sy 'n nuwe gerigtheid openbaar.

Die navorser het gevind dat die beskrywing van die kind wat verlies ervaar se rouproses met tipiese reaksies meer ruimte toelaat vir die vloeibaarheid van emosies en ervarings in die hier-en-nou. Uit 'n Gestaltspelterapeutiese oogpunt is hierdie siening aanvaarbaar. Dit laat ook meer ruimte vir die pastorale hantering van vroeë en emosies soos dit na vore kom, aangesien die indeling minder rigied is. Die ervaring van die navorser met gevallestudies B en C het die sinvolheid van hierdie benadering bevestig, aangesien hulle reeds drie jaar tevore hulle verlies ervaar het, maar nooit terapie vir die verlies ontvang het nie. Die navorser kon nogtans die gevallestudies se rouproses waarneem met die tipiese reaksies en gevoelens en dit in die hier-en-nou hanteer.

4.3.2. Die geestelike belewing van die kind in die rouproses

Die navorser het waargeneem dat kinders terughoudend is ten opsigte van hulle emosies rondom hulle geestelike ervaring van die dood. Sy het gevind dat kinders

reken dat hulle die antwoorde wat vir hulle oor die dood gegee is maar moet aanvaar en indien hulle enige vrae daaroor stel, dit as twyfel of ongeloof geïnterpreteer sal word. Gevallestudie A het deur haar liggaamstaal 'n bepaalde gespannenheid getoon toe die navorser 'n onsekerheid ten opsigte van haar geestelike belewing waargeneem het. Gevallestudie A het egter nie spontaan oor die geestelike aspek van haar ervaring van haar pa se dood gepraat nie. Die navorser het van selferkenning gebruik gemaak om haar tot groter bewustheid van haar geestelike ervaring te bring.

Die navorser voel sterk daarvoor dat kinders juis vrymoedigheid moet hê om oor hulle geestelike belewing van die dood te praat sodat hulle nie met onderliggende woede of 'n gevoel van wantroue in God sal grootword nie. Om die kind tot besit van sy emosies te lei is egter 'n sensitiewe saak, veral indien hy nie spontaan die teenwoordigheid van die emosies wil erken nie. Daarom het die navorser dit nodig gevind om van selferkenning gebruik te maak om teenoor die kind te demonstree dat dit aanvaarbaar is dat 'n mens na die afsterwe van 'n geliefde bepaalde emosies rondom die geestelike belewing kan hê. Eers wanneer die kind tot bewustheid en besit van sy emosies gekom het, kan daar in pastorale opsig verder gewerk word.

In die geval van gevallestudie A het die navorser weer van polariteite gebruik gemaak om gevallestudie A tot bewustheid te bring dat sy God wel kan vertrou, ten spyte daarvan dat Hy toegelaat het dat haar pa doodgaan. Met die benutting van polariteite het gevallestudie A bewus geword dat God haar op verskillende wyses beskerm en versorg. Sy kon byvoorbeeld tot die bewustheid kom dat God hulle die vorige aand beskerm het toe hulle op 'n onbekende pad verdwaal het.

Die navorser stem saam met Doka (1995:137) wat op grond van statistieke aanvoer dat 'n hoë persentasie kinders glo in 'n plek genaamd hemel waarheen mense gaan na hulle dood. Die navorser het waargeneem dat hierdie opvatting 'n gegewe is by jonger kinders wat in die Christelike geloof grootword. Hierdie tendens was by al drie gevallestudies waarneembaar. Hulle het almal spontaan van hulle geliefde in die hemel gepraat. Hulle het ook duidelike konsepte van hoe hulle dink dit in die hemel is en lyk. Die navorser is van mening dat geloof dat die geliefde in die hemel is 'n algemene

geloofsopvatting is wat selfs vir volwassenes met die dood van 'n geliefde tot vertroosting dien.

4.3.3. Die ontwikkelingsfase van die kind ten opsigte van die rouproses

Die navorser het bevind dat die ontwikkelingsfase van die laerskoolkind (dit is die kind vanaf sesjarige tot en met twaalfjarige ouderdom), 'n té wye ouderdomspan is vir die navorsing oor die ervaring van verlies. 'n Kind van ses jaar se ervaring van die dood verskil in 'n groot mate van die ervaring van die twaalfjarige kind. Die navorser het onderskei dat kinders tussen ses en nege jaar meer soortgelyke ervarings deel. Vanaf tien jaar begin die kind anders oor sake te dink. Grollman (in Doka, 1995:19) wys daarop dat 'n kind se persepsie van dood nie binne 'n vaste ouderdomsgroep ingepas moet word nie. Die navorser het dit in die praktyk so ervaar en gevind dat die jonger laerskoolkind nog baie eienskappe kan toon wat van kleuters kenmerkend is, terwyl die ouer kind in die laerskool dikwels alreeds reaksies toon wat meer tipies van 'n tiener is. Gevallestudie C wat ses jaar oud is, het dit vir die navorser bevestig deurdat haar tydskonsep nog nie goed ontwikkel is nie. Gevallestudie C het haar ma se dood as 'n konkrete werklikheid aanvaar en nie enige waarom-vrae gestel nie. Tydens die ongestruktureerde onderhoud met ouer laerskoolkinders soos die seun wat pas dertien geword het (kind 1 in die tabel), het die navorser gevind dat hy worstel met die vraag waarom God sy ma moes laat sterf.

4.3.3.1. Emosionele ontwikkeling

Die navorser se ervaring in die praktyk was dat verskeie emosies met die dood van 'n geliefde by die laerskoolkind na vore kom. Die gevoel van hartseer was die gevoel wat by die meeste kinders dominant was soos ook by al drie die gevallestudies. Die navorser het waargeneem dat die ervaring van verlies by hierdie kinders in depressiewe of aggressiewe gedrag na vore kom. Deur haar emosies alleen te probeer hanteer het gevallestudie A tekens van depressiewe gedrag getoon deurdat sy haarself van ander mense begin onttrek het. So is gevallestudie B ook meer geneig tot depressiewe gedrag deurdat sy gevoelens van verwerping ervaar. Die navorser neem waar dat die seun met wie sy tans terapie doen, aggressie openbaar na sy pa selfmoord gepleeg en sy lewensomstandighede as gevolg daarvan verander het.

Daar moet kennis geneem word van die feit dat hartseergevoelens tot depressie kan lei, veral waar die emosie nie hanteer word nie. Die navorser het die indruk gekry dat dit vir kinders moeilik is om deur die emosie van hartseer te werk. Dit is egter nodig om die ervaring van hartseer en die rede daarvoor direk te hanteer. Die navorser het ook waargeneem dat kinders genoeg tyd gegun moet word om al die emosie rondom hartseer na vore te bring. Wanneer hulle deur die emosie gewerk het, begin hulle spontaan oor ander, meer positiewe aspekte te praat. In gevallestudie A het die navorser baie tyd spandeer om haar tyd te gee om oor haar hartseer te praat en deur verskillende projeksies aan haar emosies uiting te gee. Die gevolg was dat sy teen die agtste sessie gereed was om oor ander, positiewe aspekte in haar lewe te praat.

Die navorser het gevind dat kinders weerstand kan toon om oor hulle hartseer te praat. Die navorser het dan in samevloeiing gegaan en aangesluit by dit wat die kind na vore bring. Spesifiek met gevallestudies B en C het die navorser waargeneem dat die kinders nie aan hulle emosies wou uiting gee nie. Hulle sou die gevoel van hartseer erken, maar dan nie verder daaroor praat nie. Dit is hier waar die navorser samevloeiing benut het en die kind toegelaat het om byvoorbeeld oor hulle nuwe ma te praat. In dié gesprek het die kinders telkens na hulle hartseer oor hulle oorlede ma teruggekeer.

Selferkenning is met gevallestudie A goed benut om haar weerstand ten opsigte van haar geestelike beleving na die afsterwe van haar pa te ontgin en haar tot bewustheid van haar eie emosies te bring. In 4.2.1.4 van hierdie hoofstuk word beskryf hoe die navorser die hartseer emosies binne die pastoralekonteks hanteer.

Die navorser het bepaalde aspekte van vrees en angstigtheid by kinders wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, waargeneem. Deur middel van projeksies soos die monstertegniek is gevallestudie A tot bewustheid van haar vrese gebring. Dialoog is benut om die emosie van vrees verder te ondersoek en oplossings te vind.

Die navorser het gevind dat die pastorale hantering van vrees 'n belangrike aspek is by die kind wat uit 'n Christelike agtergrond kom. Hierdie kind ervaar God as 'n realiteit en daarom is die Bybelse versekering van God se beskerming en nabyheid vir hulle 'n vertroosting. Waar vrees as 'n sterk emosie by die kind na vore gekom het, is die kind se toestemming gevra om 'n gebed ten opsigte van die vrees te doen. Daar is reeds in 4.2.1.4 daarna verwys hoe die navorser gevallestudie A se ervaring van vrees hanteer het.

4.3.3.2. Kognitiewe ontwikkeling

Soos ter inleiding van die paragraaf oor die ontwikkelingsfase van die kind genoem, is die navorser van mening dat die kognitiewe ontwikkeling van die kind in die laerskooljare in twee fases verdeel kan word. Die jonger groep is die ses- tot negejarige kind wat gewoonlik nog meer konkreet in hulle denke is, en die ouer groep, die tien- tot twaalfjarige kind wat alreeds meer abstrak kan dink. Die navorser het waargeneem dat die kind se kognitiewe ontwikkeling 'n belangrike rol speel in die kind se ervaring van die dood van 'n geliefde, aangesien die kognitiewe vermoë van die kind grootliks die kind se begrip en persepsie van die dood bepaal. Die kognitiewe ontwikkeling het volgens die navorser ook 'n invloed op die kind se geestelike ervaring van die dood. Die navorser het dit ervaar met die seun wat pas dertien geword het (kind 1 in die tabel) wat waarom-vrae ten opsigte van sy ma se dood gevra het, teenoor die gevallestudies wat nie die vrae gevra het nie of soos in gevallestudie A dit nie kon verbaliseer nie.

4.3.3.3. Fisieke ontwikkeling

Die navorser het gevind dat kinders wat verlies van die dood ervaar het as gevolg van hulle intense hartseergevoelens, fisieke pynsimptome ontwikkel. Veral die jonger kind in die laerskool sal kla van hoofpyn, en dan van sy been wat pyn, net om later te sê dat dit eintlik sy hart is wat pyn. Die navorser het dit veral met 'n seun van vyf jaar waargeneem (kind 12 in tabel). Hy sou na sy liggaamsdele wys wat hy beweer seer is en dan eindig waar hy sy bors vashou en sê dat sy hart seer is. Volgens die navorser is hulle emosionele pyn dikwels vir hulle so intens dat dit vir hulle soos 'n fisieke pyn voel wat hulle egter nie in hulle liggaam kan lokaliseer nie. Die navorser vind steun vir

hierdie waarneming in die literatuur waar Worden (1996:87) verwys na die voorkoms van somatisering tot in die tweede jaar na die verlies.

Met gevallestudie B het die navorser waargeneem dat sy dikwels van die skool afwesig is en sal sê dat sy nie lekker voel nie. Hierdie fisieke ervaring van gevallestudie B is volgens die navorser eerder 'n poging om vertroos te word en sodoende die liefde en aanvaarding te ontvang waarna sy so smag.

4.3.3.4. Sosiale ontwikkeling

Die navorser het gevind dat die kind wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het op sosiale gebied ook verliese ly, byvoorbeeld deur finansiële tekorte wat na die afsterwe van die geliefde intree. Dit was vir die navorser insiggewend dat die seun wat pas dertien geword het (kind 1 in die tabel) opgemerk het dat hy nie anders voel omdat hy na die afsterwe van sy moeder in 'n enkelouergesin grootword nie, aangesien enkelouergesinne as gevolg van egskeidings so algemeen is.

Soos reeds in 4.2.1.2 van hierdie hoofstuk genoem, is dit vir die kind wat 'n ouer aan die dood afgestaan het, nodig om met 'n ander volwassene van dieselfde geslag as die ouer wat gesterf het te identifiseer. Die navorser het gevind dat 'n plaasvervangende persoon die kind se sosiale behoefte aan 'n ma of 'n pa vul soos dit waargeneem is by gevallestudies B en C.

4.3.3.5. Geestelike ontwikkeling

Die kind wat verlies weens die dood van 'n geliefde ervaar, kan dikwels op geestelike gebied vinniger as sy portuurgroep ontwikkel. Die navorser vind ondersteuning vir hierdie standpunt in die literatuur waar Schoeman (2001:127) te kenne gee dat 'n godsdienstgerigtheid in die rouproses na vore kom. Volgens die navorser begin die kind wat met die verlies van die dood gekonfronteer word, meer nadink oor die sin van die lewe en die teenwoordigheid van God in sy lewe. Dit het tot gevolg dat die kind deur sy soeke na antwoorde persoonlike ervarings met God het. Hierdeur word geloofswaarhede nie bloot as introjekte aanvaar nie, maar in sy lewe geassimileer. Die seun van dertien (kind 1 in die tabel) wat sy ma vier jaar gelede verloor het, se pa getuig

dat die seun op geestelike gebied meer godsdiensgerig is as sy portuurgroep en dat die seun in sy portuurgroep as 'n geestelike leier uitstaan. Die navorser het waargeneem dat die dogter (kind 4 in die tabel) wat haar pa reeds agt jaar tevore verloor het, ook geestelik meer volwasse is en as leier in haar skool uitstaan.

4.3.3.6. Verwerking van verlies in daaropvolgende ontwikkelingstadia

Die navorser het gevind dat kinders wat nie die verlies van die dood van 'n geliefde sinvol verwerk het nie veral in die oorgang na die daaropvolgende ontwikkelingstadia probleme ontwikkel. Wanneer die kind byvoorbeeld nie werklik die afwesigheid van 'n moederfiguur aanvaar het nie, word die feit dat sy nie 'n ma het nie vir haar in die oorgang na die jong adolessente stadium 'n probleem. Die navorser het dit bevind met 'n elfjarige dogter (kind 6 in die tabel) wat haar ma vier jaar gelede aan die dood afgestaan het. Direk na haar ma se dood het sy spontaan oor haar ma en haar hartseer oor haar ma se dood gepraat. Sy wil egter nie nou oor haar ma praat nie en dui aan dat sy haar ma mis. Sy ervaar 'n gemis om met haar ma oor persoonlike aspekte te praat.

Dit is ook so dat die kind wat in die laerskooljare 'n geliefde aan die dood afgestaan het, die dood op 'n konkrete wyse aanvaar. Wanneer hierdie kind dan ouer word en op kognitiewe gebied ontwikkel om meer abstrak te dink, begin hulle dikwels meer "hoekom"-vrae ten opsigte van die dood te vra. Dit is veral waar in die geval waar kinders in die laerskooljare feite as introjekte aanvaar en dit nooit by hulle proses geassimileer het nie. Die twaalfjarige seun (kind 7 in die tabel) met wie die navorser tans terapie doen, ervaar die dood van sy pa op hierdie wyse. Die antwoorde wat volwassenes vroeër vir hom gegee het, is nou nie meer aanvaarbaar nie.

4.4. SAMEVATTING

Die navorser is vanuit die praktyk oortuig dat die moderne mens se gebrekkige hantering van die afsterwe van 'n geliefde en die gevolglike modellering van hierdie treurmodel aan die kind, ondervang kan word deur die toepassing van die Bybelse treurmodel. Gestaltspelterapie wat vanuit 'n pastorale perspektief toegepas word, het in die praktyk getoon 'n sinvolle bydrae te wees in die hantering van die kind wat verlies ervaar as gevolg van die dood van 'n geliefde.

In die volgende hoofstuk wend die navorser relevante inligting en ervarings wat sy uit praktyk opgedoen het, aan om Gestaltspelterapeutiese riglyne met 'n pastorale perspektief neer te lê vir die hantering van die kind wat verlies ervaar.